# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 2709 15 Desember 1989

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN EIENDOMME TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar ek, Roelof Petrus Meyer, Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendomme in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardighede.

## BYLAE

1. DIE OU METODISTEKERKIE, TE NCERA, KIDDS BEACH, OOS-LONDEN

*Beskrywing:*

Die ou Metodistekerkie, geleë op 'n gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Richmond 1024, in die afdeling Oos-Londen.

Transportakte T3279/1984, gedateer 12 September 1984.

2. DIE EIENDOM MET DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKGEBOU DAAROP, GELEË IN STEYNSTRAAT, VENTERSBURG

*Beskrywing:*

Die eiendom tesame met die Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou daarop, synde Erf 96, begrens deur en geleë aan Steyn-, Kerk-, Oranje- en Harkerstraat, in die dorp Ventersburg, distrik Winburg, en groot 2 578 (tweeduisend vyfhonderd agt-en-sewentig) vierkante meter.

Transportakte 23244/1880, gedateer 9 Junie 1880.

3. DIE TERREIN MET DIE DRIE HISTORIESE SINKHUISE DAAROP, GELEË TE JACOBUS NAUDÉWEG 3, 4 en 5, VOORTREKKERHOOGTE, PRETORIA

*Beskrywing:*

Die terrein met die drie historiese sinkhuise daarop, geleë op 'n gedeelte van die restant van Gedeelte 7 van die plaas Pretoria-dorp en Dorpsgronde 351 JR, provinsie Transvaal, groot 7 141 (seweduisend eenhonderd een-en-veertig) vierkante meter, soos aangetoon deur die figuur ABCD op Landmeterskaart LG A5323/87, gedateer 17 Augustus 1987, geliasseer in die kantoor van die Landmeter-generaal te Pretoria, en op Lêer 2/T/Pre/21 by die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te Kaapstad.

Sertifikaat van Geregistreerde Titel 29177/1953, gedateer 12 Desember 1953.

# DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 2709 15 December 1989

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF PROPERTIES TO BE NATIONAL MONUMENTS

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), I, Roelof Petrus Meyer, Deputy Minister of Constitutional Development and of National Education, hereby declare the property as fully described in the Schedule hereto to be national monuments.

## SCHEDULE

1. THE OLD METHODIST CHAPEL AT NCERA, KIDDS BEACH, EAST LONDON

*Description:*

The old Methodist chapel, situate on a portion of Portion 1 of the farm Richmond 1024, in the Division of East London.

Deed of Transfer T3279/1984, dated 12 September 1984.

2. THE PROPERTY WITH THE DUTCH REFORMED CHURCH BUILDING THEREON, SITUATED IN STEYN STREET, VENTERSBURG

*Description:*

The property, together with the Dutch Reformed Church building thereon, being Erf 96, bounded by and situated at Steyn, Church, Orange and Harker Streets, in the Town of Ventersburg, District of Winburg, in extent 2 578 (two thousand five hundred and seventy-eight) square metres.

Deed of Transfer 23244/1880, dated 9 June 1880.

3. THE SITE, WITH THE THREE HISTORIC CORRUGATED-IRON HOUSES THEREON, SITUATED AT 3, 4 AND 5 JACOBUS NAUDÉ ROAD, VOORTREKKERHOOGTE, PRETORIA

*Description:*

The site, with the three historic corrugated-iron houses thereon, situate on a portion of the remainder of Portion 7 of the farm Pretoria Town and Townlands 351 JR, Province of the Transvaal, in extent 7 141 square metres, as indicated by the figure ABCD on Survey Diagram SG A5323/87, dated 17 August 1987, filed in the Office of the Surveyor-General in Pretoria, and on File 2/T/Pre/21 at the National Monuments Council in Cape Town.

Certificate of Registered Title 29177/1953, dated 12 December 1953.